NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

18 Februarie 2022: Nr 06/2022

Warmnuus

Huweliksbevestigers deel jou frustrasies!

Probleme ondervind met Binnelandse Sake t.o.v. huwelike - Gustav Claassen, Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode, het later die maand 'n zoomvergadering met *Binnelandse Sake* om bogenoemde met hulle te bespreek.

- Hy vra dat indien Huweliksbevestigers probleme ondervind, hulle 'n KORT samevatting [ingesluit name, datum ens.] sal stuur ***vóór of op 17 Februarie*** na sophiadk@ngkerk.org.za.

Beperkte aantal gratis beurse beskikbaar

Uitvoerende kortkursusse van die Skool vir Sosiale Innovasie, Hugenote Kollege, via Zoomsessies en Selfstudie - Aangesien daar 'n beperkte aantal gratis beurse beskikbaar is sal diegene ondersteun word wat eerste reageer. Maatskaplike werkers kan 16.5 CPD punte verwerf NG en VGK dominees kan VBO punte verwerf Beurse vir NG en VGK werknemers beskikbaar Kontak Bridget Leibbrandt by bleibbrandt@sun.ac.za

- *Al die inligting, inhoud van kursusse, datums en kontakpersone is deel van die bylae* [kliek hier]

Sinodenuus

Tekslees met 'n verskil

Datum: *22 Februarie*
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join.
Zoom Meeting: Kliek hier
Meeting ID: 921 9767 1478; **Password**:453371

Teologiese Opleidingstrust

Versterk die Kerk; Ondersteun Teologiese studente; Help lidmate deur belastingvermindering

Flip du Toit skryf soos volg: Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is 'n geregistreerde Openbare Weldaads-organisasie (soortgelyk aan die Bybelgenootskap) asook 'n geregistreerde Nie-Winsgewende organisasie. Skenkings kan eenmalig geskied (voor einde Februarie om vir hierdie belastingjaar te geld) of dit kan maandeliks geskenk word. **Meer inligting**: Dr Flip du Toit. Tel 0621190255 / 0827817076 of admin@teotrust.org. [Kliek hier]

Kollega- en ander personeelnuus

Innige simpatie

Ernst Muller [Emeritus] se vrou **Cathra** is op *10 Februarie* oorlede.

Baie geluk

Lourens van Deventer [Raslouw] en sy vrou, **Anja**, se eerstelingseuntjie Luca, is op *15 Februarie* gebore.

❖ Beroepe/Bevestigings ens.

<< **Leon Tait** [Rietfontein-Suid] het die beroep na **Durbanville-Bergsig** aanvaar. Sy gemeente neem op Sondag, 27 Maart (09:00) afskeid van hom en hy lewer dan ook sy afskeidspreek.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

20/02 Gustav Claassen [Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode, gekoppel aan Pretoria-Oos]
Peet Crous [Lynnwood]
Bernard Rademeyer [Emeritus]
23/02 Pieter Grobler [Emeritus]
25/02 Drian Viljoen [Kameeldrif]
Han Janse van Rensburg [Pretoria-Oos]
26/02 Fay van Eeden [Suidoos-Pretoria]
Meiring de Wet [Doornpoort]
Stanwin Street [Riviera-Jakaranda]

21/02 Hanneke Claassen [Eggenote van Gustav Claasen, Pretoria-Oos]
23/02 Jennifer Botha [Eggenote van Stefan Botha, Andrew Murray Pretoria]
Lene Viljoen [Eggenote van Drian Viljoen, Kameeldrif]
Lynette Gericke [Eggenote van Christiaan Gericke, Emeritus]
Annet Wolhuter [Eggenote van Wollie Wolhuter, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Daspoort [24/02/1922]

- *24 Februarie*: Daspoort se 100ste verjaarsdag.
- *27 Februarie*: Spesiale verjaarsdagdiens en ds Eddie de Waal se emeritaatsdiens.
- *21-23 Oktober*: Eeufeesviering – verdere inligting volg binnekort.

❖ Queenswood

Aandmark / Markdag: *4 & 5 Maart*
Tye: Vrydag [17:00-19:00] en Saterdag [09:00-12:00]
Adres: Garretlaan 249, Queenswood. **Navrae**: 012-333 1797
Vetkoekburgers en Chips; Chips en worsies; Poeding [Vrydagaand]; Wit-Olifant tafel; 2de Handse klere.

❖ Pierneef

Groen-Basaar: *5 Maart*
Adres: Pierneefstraat 954, Villieria / 012 333 4273
Toegang: Bring jou weeklikse herwinning saam.
Vir jou kos en inkopies: Bring houers en inkopiesakke van die huis af.

❖ Monumentpark-Wes

Monwes Dorpsfees: *12 Maart* [07:30-13:00]
Adres: Kalkoenstraat 38, Pretoria
Aktiwiteite: 5km Fun Run – Watergat – Kosstalletjies – Musiek – Koffietuin – Pret vir oud en jonk!

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram 2022 – Hiermee die programme wat Excelsus vanjaar aanbied. Kliek hier vir die Jaarprogram. Teken solank die datums aan en kyk uit vir die bekendstellingsmateriaal vir elkeen van die aanbiedings.

Kursusse/werkswinkels: Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

- **Dink nuut oor jou bediening** *(Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling)* **-** Module 1: Oor ons konteks: **Waar is ons nou?** *[6e groep] - 21-23 Februarie – Aanlyn / NG Kerk Stellastraat. Aanbieder: Dr André Bartlett.* [30 VBO-punte] Kliek hier vir die volledige inligting.

- **Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes -** Werkswinkel 1: *24–25 Februarie - NG Kerk Stellastraat, Pretoria. Aanbieder: Prof Malan Nel* [10 VBO-punte]
  Kontak *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za vir meer inligting.

❖ Hugenote Kollege: Uitvoerende kortkursusse van die Skool vir Sosiale Innovasie

Hier is 'n wonderlike geleentheid wat benut kan word [via Zoomsessies en selfstudie]. Dit is gratis en 'n belegging in vaardighede en kennis wat die kerk tot groot voordeel kan wees.
Inligting: Kliek hier. **Registrasie**: Kliek hier

- **Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap** – *23 Februarie tot 23 Maart*
- **Mensgesentreerde ontwerpdenke vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap** – *28 April tot 31 Mei*
- **Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap en Emosionele Intelligensevir Sosiale Besigheid** – *8 Junie tot 20 Julie*

❖ Wees goed vir jou kleinkinders

'n Seminaar onder leiding van *Christo en Hannatjie van Vuuren*, spesiaal vir Oumas en Oupas, word op *26 Febuarie* by *Kerk-in-Suid* aangebied. [Kliek hier vir volledige inligting]
Sluitingsdatum: *21 Februarie*

❖ Op pad na Newelland

'n Pastorale reis met die Demensie (ook Alzheimer-demensie) geaffekteerde lidmaat en Huweliksmaat-versorger [Kliek hier vir die volledige inligting]
Aanbieder: (dr) Petrus Moolman
Datum: *14 Maart* [09:00-13:00]
Waar: NG Overkruin
VBO punte: 5 punte word toegeken.

Ander nuus

❖ Christelike Lektuurfonds [CLF]

Nuusbrief - Kliek hier om dié nuusbrief af te laai.

❖ Kerkbode:

Nuusbriefprikkies

- Kairos Netwerk (KN) het onlangs 'n beroep op die NG Kerk se streeksinodes gedoen om in die weke wat kom 'n herskikking binne die kerk se sinodale bestel te probeer bewerkstellig... [Kliek hier]
- Die insluit van queer hermeneutiek as module in teologiese studies is vir sommige 'n teer saak. Proponent Marileen Steyn, het onlangs met proff Julie Claassens en Jeremy Punt, gaan gesels … [Kliek hier]
- In November verlede jaar ry die joernalis en skrywer Dana Snyman 'n wye draai deur die land en kom vir die vierde keer in sy lewe op Nkandla... [Kliek hier]
- PEN, 'n NG-gebore middestadbediening in Pretoria is vanjaar 30 jaar oud – 'n suksesverhaal met 'n nederige begin waarop hulle uitvoerende hoof en stigterslid dr Marinda van Niekerk baie trots is. Die storie begin by 'n groepie bejaarde lidmate van 'n eens florerende nou krimpende gemeente, Pretoria-moedergemeente, wat moeilike besluite gehad het om te neem. [Kliek hier]

❖ FEBA SA - Ondersteunersbyeenkoms

"Ons werp die net wyer" - Virtuele byeenkoms

- Sondag, *27 Februarie* om 15:30
- *Sluit aan by ons op Zoom* – **Registreer nou!**

Navrae: Tel 012 335 5708 of besoek www.febaradio.co.za

❖ Vakatures

- **Kameeldrif: Musiekbediening**

  Sluitingsdatum vir aansoeke: *28 Februarie* 2022. Die kandidaat moet beskikbaar wees vir 'n speelbeurt.
  Navrae: Kerkkantoor Kameeldrif - 012 756 4334

- **Môregloed: Koster**

  Posbeskrywing: Die Koster is verantwoordelik vir die toesighouding oor die skoonmaak van die kerkgebou, die kerk se fasiliteite, tuin en terrein.
  Belangstellendes word versoek om 'n CV met dekbrief vóór of op *26 Februarie* 2022 by die Skriba te besorg of elektronies te stuur aan die Skriba, kerkkantoor@ngkerkmoregloed.co.za.
  Suksesvolle kandidaat moet beskikbaar wees om op *1 Maart 2022*, of so gou moontlik daarna diens te aanvaar.
  Kliek hier om die volledige advertensie te lees.

- **Kerkbode Vakatures:** Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif